MARKUS

Francis Chan

moreleta kerk

Maart met Markus | **5 Maart 2023** | kringe@moreleta.co.za

Inleiding

Welkom by Markus se evangelie. Wanneer ons die bladsye van hierdie kragtige ontmoeting van Jesus oopmaak, neem dit ons op 'n spesifieke reis. Ons neem 'n reis van die kus van die See van Galilea na die strate van Jerusalem wat rooi lê van Jesus se bloed.
Langs die pad sal ons meer ontdek oor die God-Man wat gekom het om te sterf. Maar ons sal ook meer ontdek oor onsself en die hindernisse wat ons op die pad van dissipelskap optel.
Wanneer ons die Bybel bestudeer, is ons uiteindelike doel om veranderd weg te stap. Ons wil meer weet oor God en wat ons kan doen om meer soos sy Seun, Jesus, te word en op te tree.
In hierdie eerste week sal ons in een hoofgedagte delf: Jesus Christus is anders as enige ander verlosser. Hy is die kampioen – die verlosser – waarna die hele mensdom gesmag het.

Wenke vir leier

Motiveer jou kring om in hulle stiltetyd die Markus evangelie materiaal te doen. RightNow Media se app of webtuiste is vir jul beskikbaar.
Francis Chan - The Gospel of Mark (video Markus 1:1-11)

Lees saam

Markus 1

1 Die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God, begin só: Die optrede van Johannes die Doper. **2** In die boek van die profeet Jesaja staan daar geskrywe: "Kyk, Ek stuur my boodskapper voor jou uit. Hy sal die pad vir jou regmaak. **3** Iemand roep in die woestyn: Maak die pad vir die Here gereed, maak die paaie vir Hom reguit." **4** Só het Johannes die Doper in die woestyn opgetree. Hy het verkondig: Bekeer julle en laat julle doop en God sal julle sondes vergewe. **5** Die hele landstreek van Judea en al die inwoners van Jerusalem het na hom toe gestroom. Hulle het hulle sondes bely en is deur hom in die Jordaanrivier gedoop. **6** Johannes het klere van kameelhaar gedra met 'n leerband om sy heupe, en hy het van sprinkane en veldheuning gelewe. **7** Hy het gepreek en gesê: "Die Een wat ná my kom, is my meerdere. Ek is nie eers werd om te buk en sy skoene los te maak nie. **8** Ek het julle wel met water gedoop, maar Hy sal julle met die Heilige Gees doop." **Jesus word gedoop** **9** Jesus het in daardie selfde tyd van Nasaret in Galilea af gekom, en Hy is deur Johannes in die Jordaan gedoop. **10** Net toe Hy uit die water kom, het Hy die hemel sien oopskeur en die Gees soos 'n duif na Hom toe sien neerdaal. **11** Daar was ook 'n stem uit die hemel: "Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My."

Gesels saam

Skrifgedeelte word bespreek deur die volgende 2 vrae te vra:

1. Wat leer ons oor God (Vader, Seun, Heilige Gees) uit hierdie gedeelte?
2. Wat leer ons oor onsself of mense in die algemeen in hierdie gedeelte?

Leer meer / kyk weer

Markus materiaal

Kliek hier om weer te kyk.

Doen saam

Wat sê die Woord moet ek gaan doen?

Hierdie gedeelte is waar die hele proses van dissipelskap en dissipelmaking staan of val. Hier beweeg ons van dit wat ons in die Woord ontdek het, na gehoorsaamheid aan Hom.

- Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties moet aandag gee? (INWAARTS)
- Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

I Will Statement:

_____

_____

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035